NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Maart 2009 March 2009

www.ptawoodworkers.com

Redaksioneel

As 'n mens mooi daaroor nadink behoort daar 'n tussenstadium te wees tussen verlof en die tyd wat jy weer begin werk! Ek het so pas 'n week in die Wildtuin deurgebring. Alles was puik! Die suidelike deel, waar ons was, het sommer baie reën gehad, die gevolg is dat die veld op sigself 'n besoek regverdig. Die riviere is vol, die gras is lank en welig en alles is ongelooflik groen. Die gevolg van al hierdie weligheid is natuurlik dat die wild maar moeilik te siene was, hoewel ons omtrent alles wat in daardie omgewing te siene is kon sien, soms nie vir lank nie, maar tog. Die voëlkyk is ook glad nie deur die welige plante belemmer nie.

Weens my wegganery kon ek nie een van die vergaderings vir Februarie bywoon nie, dus is hierdie *Tambotie* uitsluitlik die werk van die bydraes wat van ons lede, soos genoem, gekom het.

I hope that all of you have taken notice of my "table challenge" of last month. Personally I have so far ordered the plans for a table seen on the internet. I am waiting for the delivery in great anticipation. You see, I am one of those who have been metricated to such an extent that I find it very difficult to convert back from feet and inches. (Suppose it is to some extent also due to IQ etc) However, the point is that we should try to get more furniture at the exhibition in October!

Later on in this edition, Lou Coetzer is informing us about some further history of the Association. It is good to see what we have been doing all these years. This raises the question whether our members, especialy those who have been part of us for a long time, should not let us have more interesting tales about past activities.

To close down, I want to make a special appeal to all our members to pay their subscriptions for 2009! The subscriptions is valid from 1 February of year one to 31 January the next year. So, if you have not yet paid subscriptions at any time after 31 January 2009, you are in arrears. We would very much like to get this little task settled so that the secretary can draw up the current namelist for posting to all of you. Kom aan mense, help die bestuur om hul werk gedaan te kry!

Jul bydraes kan aan die volgende instansies/ adresse verskaf word. Your subscriptions may be sent to one of the following instances:

Those who do not have internet banking can send cheques to our Treasurer:

A.du Toit, 80 Livingstone Road , Centurion, 0157.

Vir die wat wel oor elektroniese bankfasiliteite beskik, is die volgende van toepassing:

Houtwervereniging van Pretoria

Bank, ABSA

(Sorg tog asb dat Dries bewus kan wees van wie die betaling afkomstig is, aangsien dit soms nie al te duidelik is nie!)

Dit is ook waar dat Dries baie gereeld die maand - vergaderings, asook die Draaiers se byeenkomste bywoon. Indien jy dus nie een van die vooraf-gaande metodes vertrou nie, kan jy per kontant of per tjek jou bydrae direk aan Dries oorhandig en 'n kwitansie daarvoor ontvang. There you go,

nobody can plead not guilty for not paying anymore. The committee has decided not to raise the subscriptions, and what you get is surely worth much more than the present R180 per year! **I know that the biggest problem is the fact that we forget small things like this, that is why I am trying to make sure that this time around you will not forget!**

MAANDVERGADERING 25 FEBRUARIE 2009

Lou Coetzer

Die verkiesing van nuwe bestuurslede by die Januarie-vergadering vir 2009 is verby en duidelik was die opkoms by die Februarie-byeenkoms soveel beter as vir verlede maand. Die voorsitter, Anton Louwrens, het al die teenwoordiges verwelkom, veral nuwe lede en besoekers, asook die twee lede van die Sharp Shapes Knife Club, André Lech en Etienne Vorster wat ons gaste vir die aand was (kyk foto). Hulle het vir ons kom vertel en wys hoe om messe te maak. André doen dit deeltyds, maar Etienne hou hom voltyds daarmee besig.

André Lech het hulle praatjie begin en verduidelik dat hulle nog nie Gilde-status het nie, maar daarna streef. Die belangrikste en mees basiese aktiwiteit van mesmakery begin by die ontwerp van 'n mes. Dit is 'n beginsel wat elke houtwerker ook ken en elke keer moet toepas. Daarna word besluit oor die tipe staal om te gebruik, die uitsny van die vorm en die vooraf-slyp van veral die lem-gedeelte. Eers op hierdie stadium word die mes verhard anders verg dit baie en moeilike slypwerk aan die verharde metaal. André is 'n onderhoudende spreker en het deurentyd vrae oor die staal en verharding daarvan beantwoord. Soos met die houtwerk is afwerking baie belangrik en neem baie tyd in beslag. Meeste van die fyn skuurwerk word slegs met die hand gedoen. Na die hewwe aangebring is word 'n naam of embleem op die mes geëts of gegrafeer en dan word die lem finaal skerp gemaak. 'n Mes wat redelik baie aandag gekry het is 'n biltongmessie met 'n ronde punt wat teen jou duim aan druk wanneer jy die biltong kerf. André het dit beklemtoon dat jy tog nooit droë biltong met 'n mes moet kerf nie. Dis soos om hout te kerf en verniel enige tipe lem. Droë biltong is net goed om met 'n hamer op 'n aambeeld sag gestamp en op bruinbrood met varkvet geniet te word.

Etienne Vorster het hoofsaaklik gekonsentreer op twee soorte voorbereidings van die hout wat vir hewwe gebruik word. Die eerste tegniek is om die hout te stabiliseer en die tweede is om die hout met verskillende soorte harse te impregneer. Die hout word gestabiliseer deur die vesels te verseël met verdunde Sanding Sealer onder vakuum. Geen verandering in tekstuur of kleur word teweeg gebring nie. Daarteenoor word die hout met gekleurde hars geïmpregneer - ook onder vakuum. Die verskil teenoor stabilisering is dat alle openinge tussen die houtselle met die hars gevul word sodat dit meer stabiel en ook gekleur is. Hulle het al selfs kameelperdbene geïmpregneer en pragtige resultate gekry. Volgens Etienne is perlemoen en Mamoet-ivoor die duurste materiaal vir 'n meshef. Hulle is egter nie baie lief om horing te gebruik nie omdat dit deur hitte en vog denatureer en dan baie "beweeg". Ander ivoor soos tande, is baie gewild, maar verg baie voorbereiding voor dit gebruik kan word.

Anton Louwrens het hulle bedank met 'n pen elk wat Jack Munting gedraai het.

Die twee manne van Sharp Shapes Knife Club. André staan links op die foto en Etienne regs. Voor lê

sommige van die voorbeelde wat hulle saamgebring het.

Draaiers se hoekie

Lou Coetzer

Saterdag 21 Februarie het die draaiers by Leon Langenhoven se werksplek vergader vir ons 2de byeenkoms van die jaar. Wat 'n opkoms was dit nie!! Leon se grote plek wou uit sy nate bars en nog stoele moes aangedra word. Daar was 28 stuks wat kom deelneem het met meer as 50 items wat uitgestal is.

Met Willie de Wet aan die spits is die administratiewe sake vinnig afgehandel en is die huiswerk daarna bespreek. Daar was weereens 'n goeie mengsel draai-items wat gevarieer het van 'n paar groot stukke deur Leon Langenhoven tot 'n groot aantal pepermeulens wat een van die huiswerkstukke was (kyk foto). Soos gebruiklik het elke persoon sy huiswerk voorgehou en bespreek. En soos gewoonlik het baie interessante vrae, antwoorde en besprekings daaruit gevolg.

Volgende op die agenda was 'n "massa-deelname" wat Leon beplan het. Twee groot draaibanke is hiervoor ingespan. Op die een is 'n lang stuk hout van ongeveer 75cm X 75mm X 75mm, tussen senters gemonteer, en die uitdaging was om die stuk tot 'n silinder af te werk met die gebruik van slegs 'n skuinsbytel. At Smit het ons hierin voorgegaan en ook gewys hoe om 'n tafelpoot se skouerstukke met 'n skuinsbytel te sny (kyk foto). By die ander groot draaibank het Jack Munting die draaibank 'n persoonlike stryd aangesê om 'n bak uit 'n groot stuk hout te probeer draai (foto). Intussen het Ben Espach met die demonstrasie van sy slypapparaat sommer Buks se bytels geslyp en almal wat daarna gekyk het is baie beïndruk met die slyper. By die tafel langsaan het Reinald vir almal wat wou kyk en leer, gewys hoe om handtolle te draai wat veral by kindertjies baie gewild is. Alles en alles 'n genoeglike byeenkoms.

Daarna is die vleisbraaivure aangesteek en kon die kuier voortgesit word terwyl Leon die lekker pap en sous, 'n aartappelgereg asook 'n mengelslaai wat Veronica vir ons voorberei het, aangedra het. Dit was voorwaar baie aangenaam en almal kon nie genoeg dankie sê vir egpaar Langenhoven vir hulle moeite nie.

Uit die vergadering kom 'n paar belangrike datums en gebeurlikhede wat in gedagte gehou moet word :

1. Die volgende draai-byeenkoms was volgens ons maandwisseling bedoel vir Woensdag 18 Maart, maar die meerderheid lede het besluit om liewer op die vakansiedag, Saterdag 21 Maart, by At Smit se werksplek bymekaar te kom. Die huiswerk vir daardie dag is twee van 'n soort of 'n kunswerk. At sal dan ook diep-uithol bespreek en met die nodige voorbeelde demonstreer.

(Next meeting is at At Smit's workshop - 21 March - and the homework is two of a kind or an art item. At will show all the tricks of deep hollow turning.)

2. 'n Paar van ons lede gaan by Hobby-X draaiwerk demonstreer. Daar is aangebied dat ons lede ook van hul stukke daar kan uitstal en te koop aanbied. Skakel hieroor met Willie de Wet. Ons moedig graag ons lede aan om Hobby-X vanaf Vrydag 6 tot Sondag 8 Maart te besoek om ondermeer die draai-demonstreerders moreel te ondersteun.

(Some of our members will demo at Hobby-X from 6 - 8 March. Members are encouraged to visit Hobby-X and support them.)

3. Nog 'n paar van ons lede gaan 'n reeks draaidemonstrasies op Dinsdag 10 Maart by Leeupoort hou om draaiwerk aldaar te bevorder. Indien jy belangstel om ook saam te gaan, skakel met Willie de Wet. Die manne van Leeupoort is bekend vir hul gasvryheid.

(Some turners will do a demo at Leeupoort on 10 March. If you are interested to join them, contact Willie de Wet).

4. Dan word daar 'n beroep gedoen op die draaiers wat nog nie vir vanjaar by AWSA aangesluit het nie, om met Lou Coetzer te skakel. Lidmaatskap

beloop R220 en daarmee help jy om draaiwerk in ons hele land uit te bou en te bevorder. Onthou ook dat ons bestuur elke lid se AWSA-ledegeld vir vanjaar met R100 subsidieer. Maak dus van hierdie gulde geleentheid gebruik om vir baie goedkoop by die AWSA aan te sluit. Daar word ook gedurende die eerste naweek in Julie vanjaar 'n AWSA-kongres in Pietermaritzburg gehou. Dis elke jaar 'n belewenis om dit by te woon.

(All turners are invited to join the Association of Woodturners of South Africa (AWSA) for this year. Contact Lou Coetzer in this regard. Remember that our committee is sponsoring each membership with R100. The next Congress of AWSA will be during the first weekend in July at the Pietermaritzburg campus of the University of Natal.)

Sommige van Februarie se huiswerk. Foto: L Coetzer

Lyk vir my of Leon Langenhoven nou maar eenmaal verlief is op 'n mooi en groot stuk hout! Foto: L Coetzer

Meubelmakers

Die eerste sessie van hierdie jaar het plaasgevind by Brian Addis wat ons hartlik ontvang het. Tydens die sessie is die opleidingsprojek – 'n kassie op rolwieletjies bespreek. Aspekte van die ontwerp wat aangeraak is, is die vereistes waaraan die kassie moet voldoen, karkas konstruksie, moontlike voeë wat gebruik kan word asook idees vir 'n kassie op rolwieletjies. Die beplanning is dat lede die karkas in Februarie maak en by die volgende byeenkoms kom vertoon. Tydens die byeenkoms sal die werk wat gedoen is, bespreek word. Die volgende byeenkoms van die meubelmakers is op Saterdag 14 Maart 2009 by Douglas Lock te plot 223, Zwavelpoort (tel: 083 680 0500).

Enige lid van die Vereniging is meer as welkom om die Meubelmakers se byeenkomste by te woon.

Danie Venter

(I did not attend this meeting, but, going by the body language displayed in the following photo, it would seem as if everyone was enjoying himself. (What is especially very nice to see is the orderliness of the workshop. No wonder Brian

succeeds in making such beuatiful items! Ed)

NOG 'n STUKKIE GESKIEDENIS VAN ONS VERENIGING

Vanjaar is ons vereniging 20 jaar oud. Willie Marneweck het in verlede maand se **Tambotie** 'n interessante uiteensetting gegee van die aanloop in

1988 en daarna die stigting van die Houtwerkvereniging van Pretoria op 15 Maart 1989. Dit is altyd goed om argiefstukke van sulke geskiedkundige belang te bewaar vir enige naslaan van die inligting. Een so 'n stuk wat ek van Willie Marneweck ontvang het, is die uitstallys van die 1ste uitstalling van die vereniging op 24/25 November 1989. Uit die inligting daarin vervat, het 'n paar baie interessante aspekte my aandag getrek en deel ek dit graag met die ander lede van ons vereniging.

Die eerste is dat hierdie lys teen R1-00 stuk verkoop is en skynbaar as toegangskaartjie tot die uitstalling gedien het. Dit is in die vorm van 'n gedrukte boekie (A5-formaat) van 16 bladsye wat saalgekram is. Op bladsy 16 (die agterblad) is 'n tweetalige aansoekvorm vir lidmaatskap van die vereniging. Die intreefooi was R20 en ledegeld R30 per jaar.

'n Verdere interessante aspek is dat dit 'n volledige lys van al die uitstalstukke bevat wat van nommer 1 tot nommer 97 gelys is. Dit was dus die totale aantal uitstalstukke. Verder is by elke item ook nog die volgende inligting gegee:

Naam van item, **beskrywing** van die tipe item, **notas** oor die item wat veral die tipe hout en afwerking beklemtoon het, die **naam van die uitstaller** en laastens die item se koopprys of dan "Not For Sale".

Met die deurwerk deur die uitstallys kom ook ander interessanthede na vore. Die eerste is dat slegs 23 van die 101 lede soos op daardie stadium, aan die uitstalling deelgeneem het. Dus minder as 25%. Met 97 uitstalstukke het dit gemiddeld 4 stukke per uitstaller bedra. Kyk mens egter mooi na die lys, of 'n opsomming daarvan, blyk dit dat iemand soos Bob Mes 22 stukke uitgestal het en die meeste ander manne slegs een of twee per lid. Dit lyk nogal baie soos ons onlangse jare se uitstallings, nie waar nie?

'n Verdere interessantheid is dat 4 van ons huidige lede ook by daardie geleentheid uitgestal het. Hulle is Roger Courtney (4 stukke), Willie Marneweck (3 stukke), Don Moody (2 stukke) en At Smit (8 stukke). Dink net hoeveel stukke het hierdie vier manne al tesame oor die afgelope 20 jaar voorberei en uitgestal? Dis voorwaar 'n goeie voorbeeld vir ons ander.

Die statistiek van die uitstalstukke is ook baie interessant. Per afdeling is die getalle soos volg:

Meubels - 40 stukke, Draaiwerk - 35 stukke, Speelgoed - 5 stukke en Diverse - 17 stukke. Die meubelstukke het stoele, tafels, laaikaste, muurkaste en 2 lessenaars ingesluit. Behalwe Bob Mes se draaistukke, was daar 4 bakke, ornamente, 'n kierie en twee lampe. Diverse items het ingesluit spinwiele, muur- en staanhorlosies, 'n "flower box", twee juweelkissies en selfs 'n "Carved Ovambo Girl" in Jelutong deur ons eie At Smit. Die befaamde Daan Badenhorst, na wie ons Daan Badenhorst-trofee vernoem is, het, soos verwag kan word, 'n stoel en 'n tafel op die uitstalling gehad.

Hoe hierdie statistiek met die jare daarna s'n vergelyk het, weet ek nie, maar dat daar intussen 'n drastiese afname in meubelstukke of meubelverwante stukke plaasgevind het, is seker. Daarteenoor het die belangstelling in draaiwerk skynbaar toegeneem. Dit was ook opvallend dat Bob Mes se draaiwerk hoofsaaklik moeilike en ingewikkelde draaiwerk geverg het want by veel van sy stukke staan "unique woodturning process" en selfs "created to reveal the hyperbola effect of various radii on an angle".

Dalk kan ons tog iets by hierdie groep pioniers gaan leer en op ons huidige pogings toepas. Dalk kan dit ons tot hoër hoogtes aanspoor omdat ons, wat apparaat, tegnieke en produkte betref, vandag veel beter daaraan toe is.

Lou Coetzer

(***Hierdie is voorwaar insiggewend. Dit lyk regtig of ons moet poog om:***

- ***Meer lede te werf.***
- ***Meer deelnemers te kry. Soos 20 jaar gelede word die meeste werk deur die jaar slegs deur 'n paar lede gedoen.***
- ***Weer ingrypend aandag te skenk aan meubelmaak. (Of het daai eerste ouens die ou goed afgestof en uitgestal?***
- ***Die vereniging wyer bekend te stel. Red)***

New members

Over the last couple of months we had a few members that joined the association. Apparently some of your application forms got mislaid, for which we all want to apologise. We realy do appreciate your company and we wish that you will feel most welcome at all our activities. Everyone should know that any organisation cannot stand still. To stand still means deterioration. We need new members, with new ideas and new skills to keep our hobby alive. (Woodworking as such seems to be on the brink of extinction, as it no more features on curricula at schools where it once was high on the agenda of those boys who really were interested in wood, as well as those that were seeking a subject that was easier to pass!) With the global destruction of natural resources the present threat to the whole world, we as woodworkers can make a proper contribution by ensuring that timber is at least used on proper projects rather than mediocre ones.)

With the afore going in mind, we want to extend a hearty welcome to all our new members. Please join in from the start and do not hesitate to volunteer your knowledge or to ask for any help or advice that you may require. The new guys are:

Name: C F (Gelis) Harmse.

Name: M (Marius) Hornsveld.

Name: I D (Ian) Minty.

Name: C P (Carel) van der Merwe.

Programme for April

With all the excellent contributions of this month, I nearly forgot to include this portion of the *Tambotie*.

- Saturday, 14 March, at 09h00: Cabinet makers will meet at Douglas Lock. Plot number 223, Zwavelpoort. Telephone 083 680 0500

- Saturday, 21 March, at 09h00: Turners'meet at At Smit's workshop. 546 Puccini Street , Constantia Park. Telelphone 012 993 1822.

- Wednesday, 25 March, at 18h00: Monthly meet at the Botany Department, University of Pretoria.

E-pos: louwmarie@icon.co.za